


Die ABC van Hekelwerk

Leer die hekelpen reg vashou, raak dan die verskillende steke baas en kort voor lank is tafellappies, dekens en hekelklere binne jou bereik

1. Posisie van die hande

Hou die hekelpen in die regterhand soos jy 'n potlood sou vashou, met jou duim op die afgeplatte deel van die hekelpen. Trek die garing oor die pinkie van jou linkerhand en hou dit stewig tussen duim en wysvinger van dieselfde hand vas. Gebruik die hekelpen en hekel die garing wat deur die vinger van die linkerhand vasgehou word.




2. Kettingsteek

Begin deur die garing rondom die hekelnaald te slaan. Maak 'n lus en trek deur. So word die eerste kettingsteek gemaak. * Hou die hekelpen in 'n horisontale posisie en vang die garing wat deur die linkerhand vasgehou word van onder af (dit word garing oor hekelpen genoem) en trek dit deur die kettingsteek op die hekelpen; dit lewer die eerste werklike kettingsteek op. Herhaal vanaf * tot die verlangde lengte. Op die basisry kettingsteke word in rye van regs na links gehekel.



3. Rondtes

Vir dié soort werk moet 'n ring van die eerste ry kettingsteke gevorm word, dit wil sê, wanneer die verlangde hoeveelheid kettingsteke gemaak is, moet die eerste en laaste steek van die ketting deur 'n glipsteek aanmekaar geheg word (steek die hekelpen in die eerste kettingsteek, steek die pen onder die garing op die vinger in en trek deur albei lusse). Daarna word in rondtes voortgehekel.



4. Glipsteek

Steek die hekelpen in die steek links daarvan, slaan die garing oor die hekelpen, trek deur die steek en die lus op die hekelpen om die steek te voltooi.

5. Kortbeen

Steek die hekelpen in die steek links daarvan, slaan die garing oor die pen,

trek deur om 'n lus te vorm, slaan die garing weer oor die pen en trek deur albei steke om 'n kortbeen te vorm.

6. Halflangbeen

Garing oor hekelpen, steek die pen in die volgende steek, garing oor pen, trek 'n lus deur die steek, garing oor pen en trek dit deur al drie lusse op die pen om die steek te voltooi.

7. Langbeen

Garing oor hekelpen, steek die pen in 'n steek, garing oor pen en trek 'n lus deur die steek, garing oor pen en trek deur die eerste twee lusse, garing oor pen en trek dit deur die oorblywende twee lusse om die steek te voltooi.

8. Dubbelslagsteek

Garing twee maal oor hekelpen, steek die pen in 'n steek, garing oor pen en trek 'n lus deur die steek, garing oor pen en trek deur twee lusse op die pen, garing oor pen en trek deur die volgende twee lusse op pen, garing oor pen en trek deur die oorblywende twee lusse om die steek soos 'n langbeen te voltooi.

9. Drieslagsteek

Die steek word op dieselfde manier as 'n langbeen gemaak, maar die garing word drie maal om die hekelpen geslaan en die steek word in vier stappe geheel.

10. Vierslagsteek

Die steek word op dieselfde manier as 'n langbeen gemaak, maar die garing



word vier maal om die hekelpen geslaan en die steek word in vyf stappe geheel.

11. Vermeerderings

A. Aan buiterand: Om meer as een steek aan die buiterand van die hekelwerk te vermeerder, moet dieselfde aantal kettingsteke geheel word as die aantal steke wat benodig word plus voldoende steke om te draai.

B. In die patroon: Om een steek te vermeerder, word twee steke in dieselfde steek geheel. Wanneer die vermeerdering net aan die binnekant van die syrand gemaak moet word, word 'n ekstra steek in die tweede steek van die begin af en die voorlaaste steek van dieselfde ry geheel.

C. Siervermeerderings: Hekel alle steke van die vermeerderingsmotief in dieselfde steek.

12. Verminderings

A. Aan buiterand: Om meer as een steek aan die begin van 'n ry, dus aan die buiterand, van hekelwerk te verminder, moet glipsteke oor die betrokke steke geheel word. Aan die einde van 'n ry word die steke wat verminder moet word, eenvoudig ongeheel gelaat en die werk omgedraai om die volgende ry te begin.

B. In die patroon: Om 'n steek te verminder, word twee opeenvolgende steke geheel sonder om die laaste lus

Elke 100 g bevat Maté Fol. 50 g; Senna Fol. 45.5 g; Uva Ursi 3 g; Valerian 1 g; Fennel 0.5 g.

Die'n ZIPPERD





van elkeen af te hekel, en dan tesame deurgetrek. Daar is dus een steek in plaas van twee steke oor. Om byvoorbeeld 'n langbeen te verminder, hekel twee onvoltooide langbene langs mekaar, dit wil sê, hou die laaste lus van elkeen op die hekelpen, garing oor hekelnaald en trek deur al drie lusse.

C. Siervermindings: Hekel 'n onvoltooide steek in elke steek wat verminder moet word, hou alle lusse op die hekelpen, garing oor hekelnaald en trek saam deur.

Voorkom 'n onreëlmatige rand (*trappies*) indien daar herhaaldelik 'n bepaalde aantal steke verminder moet word, deur soos volg te werk te gaan: moenie die steke wat aan die einde van die ry verminder moet word, hekel nie; draai **sonder** 'n draaiketting en hekel in patroonsteek voort. Indien die werk uit langbene bestaan, hekel 'n glipsteek i.p.v. die eerste steek, 'n kortbeen vir die tweede steek en 'n halflangbeen in plaas van die derde steek. Hekel langbene oor die res van die steke.

13. Krapsteek

L.W.: Baie patrone se aanwysings eindig met hekel 'n ry krapsteek. Voordat 'n ry krapsteek gehekel word, behoort egter altyd 'n ry kortbeen gehekel te word om die krapsteek netjies te laat lyk.



BLAAI OM

EEDOODAH -dag.

Met Black Forest sê mens totsiens vir daardie dik gevoel wat jou so ongemaklik laat voel — en sê jy hallo vir daardie dag duisend.

Black Forest Kruietee — die vars, mentgeurige liggaamsopknapper met die natuurlike, sagreinigende lakseerwerking. Dis die lekkerste manier om toe te sien dat jy tredhou met dinge. Noem dit zipperdeedoodah.



Krapsteek is 'n klassieke hekelsteek en word dikwels aangewend om hekel of breiwerk af te rond. Dit is eintlik 'n kortbeen, maar dit word van links na regs gehekel, vandaar die naam, krapsteek.

Krapsteek word aan die regte kant van die werk gehekel. Moenie draai nadat die laaste ry van 'n stuk hekelwerk voltooi is nie, maar gaan soos volg voort: steek die hekelpen van voor na agter in die laaste gehekelde steek, * tel die garing op en trek na die voorkant deur, garing oor hekelpen en heg die twee steke saam af. Steek die pen in die volgende steek, herhaal van * en hekel rondom.

14. Hoe hekelwerk afgeheg word

Om hekelwerk af te heg, is geen kuns nie. Al wat nodig is, is om die draad af te knip en die laaste steek van die pen te verwyder; trek die draad styf vas en ryg deur die paar steke langsaan om uitrafeling te voorkom.

15. Om pante aanmekaar te werk:

Gelyke syrande: Plaas teen mekaar en werk oorhands vas.

Sierrande: 'n Baie dekoratiewe rand kan gemaak word deur net aan die regte kant kortbeen rondom die werk te hekel.

Onreëlmatige rande: Indien die rande ongelyk is, is dit beter om hulle met agtersteek aanmekaar te werk.



SOEK U WERK?

Gaan u nie na Universiteit nie?

Is u nie opgelei vir kantoorwerk nie?

Besef u dat skoliere wat geen gespesialiseerde na - skoolse opleiding het nie, dit baie moeilik vind om werk te kry.

ANCHOR BESIGHEIDSOP- LEIDINGSKOLLEGE het baie goeie nuus vir u!

Dames en skoolverlatende meisies, ons bied aan: Tik, Snelskrif, Short-hand, Skakelbord, Besigheids-boekhou, Algemene kantoorroetine, Publieke skakelwerk, Teleks, Lone en salaris, Afrondingskursus (Houding, Velversorging, Grimering, Etiket, Spyseniering), N.C.R., Olivetti, Burroughs en Addo X-7000 Boekhoumasjiene, I.B.M. en Burroughs Ponskaartmasjiene (Computer) en rekenmasjiene (Calculator).

Ons is ses onderwyseresse. Skollere met praktiese skoolopleiding word aanvaar.

TELEFOON 28437, 28438
Na ure: Mev. Cousins 28437
Mev. Kruger 32405

Kamer 413, 4e Vloer,
Sanlamgebou, Kerkstraat,
Klerksdorp 2570.

Kan enige tyd begin. Beginners
welkom. Losies beskikbaar.

MELISANA: Folia Melissa 26,8 mg; Rhizoma Helenii 35,7 mg; Radix Angelicae 35,7 mg; Rhizoma Zingiberis 35,7 mg; Flores Caryophylli 14,25 mg; Rhizoma Galangae 14,25 mg; Radix Gentianae 35,7 mg; Fructus Piperis Nigri 3,57 mg; Alcohol/Alkohol 79% v/v per 5 ml.

SENU- KLAGTES

MELISANA bied vinnige verligting.



Vir senuhoofpyne, maagaandoenings, probleme om aan die slaap te raak en ander senuklages – vertrou op MELISANA.

MELISANA bevat slegs medisinale kruie-ekstrakte wat 'n kalmerende, bedarende effek het en krampe verlig.

MELISANA

DIE NATUURLIKE GENEESMIDDEL



winter- elmoë benodig...

'n Suiwer, nie-vetterige formule, Newton se dubbelryk Kokosbotter Winterformule- room, met Vitamien E, beloof 'n nuwe sagtheid aan wintervel. Streel dit elke dag aan om u vel te voed en te beskerm. Oral.



Ook beskikbaar...
Kokosbotter en Koringkiem
Hand- en lyfmiddel.